Hoërskool Duineveld
*deur geleenthede tot uitnemendheid*

Privaatsak X5886
Upington, 8800
Tel: (054) 338 8222
Faks: (054) 338 8288

www.duineveld.co.za
skoolhoof@duineveld.co.za
leerdersake@duineveld.co.za
admin@duineveld.co.za

19 Junie 2026

Geagte ouers,

**NUUSBRIEF 7/2026**

Die eksamen begin na 'n einde loop en die goeie nuus is dat die skoolvakansie om die draai is. Hiermee die volgende inligting vir u aandag:

**1. SKOOLPROGRAM – LAASTE WEEK**

- Maandag, 22 Junie 2026 is die kwartaalafsluiting (11:30 – 12:30) na afloop van die geskeduleerde eksamensessie die oggend.
- Na afloop van die eksamen is daar 2 skooldae oor waar alle leerders skool moet bywoon.
- Daar gaan doelgerig in die onderskeie klasse gewerk word om die nodige hersiening en punte af te handel. Ons versoek dat ouers die skool ondersteun en dat alle leerders die skool getrou sal bywoon.
- Vir die matrikulante is dit uiters noodsaaklik siende dat hersiening en oefenvraestelle behandel gaan word ter voorbereiding van die NSS-eksamen.

- Die skool sluit amptelik Vrydag, 26 Junie 2026 om 10:00 na die uitdeel van kwartaal 2 se rapporte.
- Die skool heropen vir kwartaal 3 op Dinsdag, 21 Julie 2026.

**2. KWARTAAL 2 RAPPORTE**

- Kwartaal 2 se rapporte sal uitgedeel word op;

**Vrydag, 26 Junie 2026 vanaf 07:00 – 09:00 in die Noordsaal.**

- Kwartaal 3 begin met 'n oueraand wat geskeduleer is vir;

**Dinsdag, 21 Julie 2026 om 17:30 – 19:00 in die Suidsaal**

**3. KWARTAAL 3 PROGRAM**

- Sien aangeheg die beplanning vir kwartaal 3.
- Toetsreeksdatums is onderhewig aan verandering soos bepaal deur die departement.

**4. SKOOLFONDS-EN KOSHUISREKENINGE**

- Die SBL is dankbaar vir al die skoolfonds en koshuisgelde wat getrou betaal word.
- Ons versoek alle ouers om by die betalingsvoorskrifte te hou soos uiteengesit is in die 2026 skoolfonds betalingsresolusie.
- Skoolfonds is die skool se primêre bron van inkomste en verseker kwaliteit onderrig vir u kind.

**5. PROVINSIALE SPORT DEELNAME**

- Baie sterkte aan al ons Velties wat deelneem aan provinsiale sportsoorte die vakansie.
- Ons is opreg trots op julle almal wat ons skool op die verskeie platforms verteenwoordig.
- Groot waardering aan ons ouers wat ook hul kinders hierin ondersteun.

**6. GRAAD 9 GEC AANLEGTOETSE 2026**

- Alle graad 9-leerders moet die GEC – aanlegtoetse aflê.
- Datum: Dinsdag, 23 Junie 2026
- Die nodige orde-reëlings sal vooraf met alle graad 9-leerders kommunikeer word.

Dit was 'n besige skoolkwartaal met baie aktiwiteite. Dankie aan ons ouers vir julle getroue ondersteuning en ons leerders wat op welke wyse bygedra het tot die suksesse van die skool. Dankie aan al die personeel vir die harde werk en toewyding teenoor ons kinders, dit word raak gesien en opreg waardeer.

Vreugdevolle vakansie word u almal toegewens.

Duineveld groete

Dr. Rooies Andrianatos